# JOU TOEKOMS IN DIE SAAD

# EERSTE VERSEKERING

## Gen 8:20-22

**20** En Noag het vir die HERE 'n altaar gebou en van al die rein diere en al die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring.

**21** En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.

**22** Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie.

- Dag / Nag = *versekering*
- Somer / Winter = *versekering*
- Koud / Warm = *versekering*
- Saaityd / Oestyd = *versekering*
- Versekering Nie omdat die wetenskap dit sê nie.
  Nie omdat ‘n prediker so sê nie.
- Versekering Omdat God dit gesê het.
  Prinsiep, beginsel, wet.
  Kan nie verander nie.

**Jer 33:25**

So sê die HERE: As Ek my verbond met dag en nag, die insettinge van hemel en aarde, nie vasgestel het nie.

**Ps 74:16-17**

**16** Aan U behoort die dag, aan U behoort ook die nag; U het hemelligte en son vasgestel.

**17** U het al die grense van die aarde bepaal; somer en winter, U het hulle geformeer.

- God het die saai/maai beginsel ingestel en dit kan nie verander nie.

# TWEEDE VERSEKERING

- Saad bring voort volgens hulle soort.

**Gen 1:11-12**

**11** En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so.

**12** Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was.

**Luk 6:44**

Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk ‘n mens tog nie vye nie, en ‘n mens sny ook nie druiwe van ‘n doringbos nie.

- Jy gaan oes – net wat jy saai.
- Ons saai elke dag – en ons oes elke dag.
- Saai deur: *woorde, dade, motiewe, gesindhede, optrede*
- Ons oes elke dag wat ons in die verlede gesaai het – *goed of sleg*

# MOENIE DWAAL NIE

**Gal 6:7**

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.

- Bespot = moenie dwaal nie
  = “don’t be deceived” (bedrieg/mislei)
  = “don’t be led astray”
  = moenie met ‘n slap riem gevang word nie.

# 2 STELLINGS

- Ons is in beheer van die saad wat ons saai.
  *Jy is in beheer van jou woorde, dade, optrede, gesindheid….*
- As jy in beheer is van die saad wat jy saai, dan weet jy presies watter oes jy gaan kry.
  *Saad bring voort volgens hulle soort.*

Wil God blameer
Wil duiwel blameer
Wil mense blameer

} Kyk na die saad wat jy gesaai het.

**Ons toekoms lê in die saad!!!**

*Verander jou saad, verander jou toekoms.*

# VOORBEELDE

- Iemand tenagekom (saad)
  *Verseker tenagekom word (oes)*
- Goed aan iemand doen (saad)
  *Verseker goed aan jou gedoen word (oes)*
- Liefde bewys (saad)
  *Verseker aan jou liefde bewys word (oes)*
- Iemand afbreek (saad)
  *Verseker afgebreek word (oes)*
- Vriendelik met mense (saad)
  *Verseker met jou vriendelik wees (oes)*
- Omgee vir ander (saad)
  *Verseker sal ander vir jou omgee (oes)*

## Luk 6:31

En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.

## Job 4:8

Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit.

# TOEPASSING

- Wees bedag op die saad wat jy saai.
- Verwyder verkeerde saad wat jy gesaai het.
  - Laat Heilige Gees jou wys.
  - Wapens om te verwyder:

    *Naam van Jesus*
    *Woord van God*

**Heb 4:12**
Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

- Bou aan jou toekoms deur goeie saad te saai.